

3 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 60 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 60:8

Jug, want God bly getrou aan sy beloftes

Die volk het 'n verskriklike nederlaag gely. Vir Dawid was daar net een rede daarvoor, die Here het dit oor hulle gebring. Dawid het geweet dat die Here die straf oor hulle gebring het as gevolg van hulle sonde.

En tog skryf hy die psalm nie in wanhoop nie. Dit bly vir hom 'n getuienis van hoop. Die rede vir sy hoop noem hy in vers 8: "God het gespreek in sy heiligdom." Dit is die beloftes wat die Here ook aan hom gemaak het. Hierdie beloftes is sy hoop en sy vreugde, selfs terwyl dit met hom en die volk moeilik gaan onder die straf van die Here, omdat hy weet die Here is getrou. Die Here wat sy beloftes hou, is ook die Here wat in beheer is van almal, ook die volke wat hulle nou onderdruk. Daarom bly die Here die volk se banier waarom hulle krag en skuiling vind.

Maar die Woord van die Here kry eers sy volle betekenis in Christus. Dit is in Christus dat God spreek in sy heiligdom, in Hom dat God sy beloftes vervul. Hy is die banier onder Wie ons skuil.

Daar waar ons gebuk gaan onder die sonde van ander, en ja, ook ons eie sonde, kan ons altyd bly wees in Jesus Christus. Want in Hom het God ook met ons gepraat.

Sing Psalm 60:2 (1936-beryming)

Ds AP de Jager (Vryheid)